



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1

## NOVEMBER 2009

## LIMPOPO

**PUNTE: 120**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 21 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taal | (60) |
| AFDELING D: | Letterkunde | (20) |

2. Lees ALLE instruksies noukeurig deur.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin elke afdeling op ’n NUWE bladsy.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat ’n reël oop na elke antwoord.


7. Skenk veral aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1: KOERANTARTIKEL

Lees die onderstaande leesstuk en beantwoord die vrae.



### CAROLINE IS ’N WENNER

1. Caroline Chokoe is ’n vrou wat enigiets sal probeer om suksesvol te wees. Sy het besluit om ’n boer te word, al het sy nie baie daarvan geweet nie.

2. Op skool het sy die basiese dinge van boerdery geleer. Sy het toe ’n groentetuin by haar huis begin waar sy ’n bietjie meer geleer het. In 2001 het sy, sonder formele opleiding in landbou, op ’n plaas by Ga-Matlala in Limpopo begin boer.

3. Dis nie net harde werk wat haar suksesvol gemaak het nie. Sy het eers gekyk watter groente nie op die dorp se mark verkoop word nie, want sy het geweet dat mense graag verskillende soorte groente koop. Die wenresep vir Caroline se sukses is: vraag en aanbod! “Gee vir mense dit wat hulle graag wil hê en jy sal suksesvol wees,” glo Caroline.

4. Op ’n halwe hektaar grond het sy met tamaties, groenrissies en kool begin boer en vandag boer sy op 16 hektaar grond. Die plaas voorsien nou elke tweede week 500 kassies tamaties en 200 kissies groenrissies aan die grootste markte. Baie mense in Suid-Afrika koop hierdie produkte. Die besigheid bring daagliks R12 000 profyt in en het so groot geword dat sy drie trokke gebruik om al die produkte na die markte te vervoer.

5. Gemeenskapsdiens is vir Caroline belangrik. Sy voorsien groente aan 27 skoolvoedingskemas in haar omgewing. Verder is daar tien mense uit haar gemeenskap wat op die plaas werk. “Sommige mense gaan nie meer honger slaap nie, want ek betaal hulle,” sê Caroline.

6. Alhoewel Caroline so ’n besige en suksesvolle lewe het, besef sy dat ’n mens moet aanhou leer. Sy het haar formele landbouopleiding aan die einde van Februarie 2009 aan die Limpopo Landboukollege voltooi.

[Vertaal en verwerk uit: *Move!*, 7 Januarie 2009]

**VRAE:**

1.1 Waar boer Caroline?

1.1.1 Noem die plek. (1)

1.1.2 Noem die provinsie. (1)

1.2 Waar het Caroline begin leer om met groente te boer? Noem TWEE plekke. (2)

1.3 Caroline het min van boerdery geweet. Kies EEN WOORD uit die EERSTE SIN van paragraaf 2 wat dit vir ons sê. (1)

1.4
- Voltooi die paragraaf hieronder deur die regte woorde in te vul.
- Skryf slegs die VRAAGNOMMER en die KORREKTE WOORD neer.
- Kies jou antwoorde uit die volgende lysie:

| gelees; soorte; koring; kolleges; werk; skole; gekyk |
|---|

Caroline het sukses behaal omdat sy nie bang was om boerdery haar besigheid te maak nie. Sy het eers (1.4.1) ... wat om te doen voordat sy met die besigheid begin het. Sy plant net sekere (1.4.2) ... produkte. Mense in dorpe en (1.4.3) ... in haar omgewing gebruik haar produkte. Caroline se besigheid sorg dat sy baie geld maak, maar die ding wat haar die gelukkigste maak, is die feit dat sy (1.4.4) ... aan ander mense kan gee. (4)

1.5 Caroline gebruik 'n groot trok om die groente te vervoer.

1.5.1 Is die stelling hierbo WAAR of ONWAAR? (1)

1.5.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.5.1 uit die leesstuk. (1)

1.6 Kies die stelling wat NIE korrek is NIE. Skryf die vraagnommer en antwoord neer.

Caroline is 'n suksesvolle boer, want ...

A sy verdien elke maand R12 000.
B sy verkoop al haar produkte op die dorpsmark.
C sy verskaf produkte aan 'n skoolvoedingsprogram.
D sy verskaf werk aan 10 mense. (1)

1.7 Caroline se produkte word deur al die mense in die land gebruik.

1.7.1 Is die stelling hierbo WAAR of ONWAAR? (1)

1.7.2 Motiveer jou antwoord uit die leesstuk. (1)

1.8 Wat is die belangrikste les wat Caroline geleer het? (Paragraaf 6) (1)

1.9 Waarom sou jy sê dat Caroline 'n wenner is? (1)
**[16]**

**VRAAG 2: TYDSKRIFARTIKEL**

Lees die onderstaande leesstuk en beantwoord die vrae.

**CHOLERA: WAT OM TE DOEN**

1. Een uit elke twee mense wat cholera kry en nie behandel word nie, sterf binne 'n dag. Aan die ander kant sterf net 1% van die mense wat die regte behandeling kry. Die goue reël is: gaan dadelik dokter toe.

2. Cholera begin met 'n skielike pynlose diarree wat soos ryswater lyk. Dit begin ongeveer 24 tot 72 uur na infeksie. Siekes word dors en kry spierkrampe omdat hulle vinnig baie water verloor. Hul oë sink in en hul vel kry plooie. Hulle moet baie vloeistof drink.

3. Cholera versprei in besmette water. Om jou teen hierdie siekte te beskerm, moet jy jou drinkwater kook of gebottelde water gebruik. Rou groente en vrugte wat nie in skoon water afgewas word nie, kan ook die siekte versprei.

4. 'n Pasiënt se diarree en vomering is hoogs aansteeklik. Maak alles met 'n Jik-oplossing skoon, sodat ander mense nie aansteek nie.

[Verwerk uit: *Rooi Rose*, Maart 2009]

**VRAE:**

2.1 Elke mens wat cholera kry, sterf.

2.1.1 Is die stelling hierbo WAAR of ONWAAR? (1)

2.1.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.1.1 uit die leesstuk. (1)

2.2 Hoe lyk iemand wat cholera het? Noem TWEE dinge. (2)

2.3 Daar is cholera in die omgewing. Noem DRIE dinge wat jy sal doen sodat julle dit NIE kry NIE. (3)

2.4 Watter advies word gegee aan iemand wat cholera het en baie water verloor het? (1)

2.5 Die diarree begin onmiddellik na die infeksie.

2.5.1 Is die stelling hierbo WAAR of ONWAAR? (1)

2.5.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.5.1 uit die leesstuk. (1)

**[10]**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

Lees die onderstaande advertensie en beantwoord die vrae.

| BATHO BUSDIENS | | |
|---|---|---|
| **PAKKETTE VIR DIE WINTERVAKANSIE** | | |
| **JOHANNESBURG NA DURBAN**<br>Retoerrit met ligte etes **R500**<br>plus belasting R50 | | Kies die retoerrit van **Johannesburg na Durban** en kry 'n<br>**10% KFC-afslagbewys!** |
| **JHB NA DURBAN**<br>Enkelrit met geen etes | **R380**<br>plus belasting<br>R25 | Kies die enkelrit van<br>**Johannesburg na Durban**<br>en skryf in vir 'n kompetisie en<br>**wen R1 000** |
| **JHB NA KAAPSTAD**<br>Retoerrit met ligte etes | **R990**<br>plus belasting<br>R70 | Kies die retoerrit van<br>**Johannesburg na Kaapstad**<br>en kry 'n<br>**20% KFC-afslagbewys!** |
| **JHB NA POLOKWANE**<br>Retoerrit met ligte etes | **R400**<br>plus belasting<br>R40 | Kies die retoerrit van<br>**Johannesburg na Polokwane**<br>en kry<br>**R100 gratis lugtyd**<br>**MTN/VODACOM** |

[Verwerk uit: *Rapport*, 22 Februarie 2009]

**VRAE:**

3.1 Watter rit is die duurste? (1)

3.2 Kies die KORREKTE antwoord.

Met hoeveel verskil die belasting tussen die enkel- en die retoerrit tussen Johannesburg en Durban?

A R 15
B R 20
C R 30
D R 25 (1)

3.3 Wanneer is hierdie vakansiepakkette beskikbaar? (1)

3.4 Haal EEN WOORD uit die advertensie aan wat sê dat jy NIE vir die lugtyd sal betaal NIE. (1)
**[4]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 4

- Som die *belangrikste* inligting oor ’n suksesvolle onderhoud in *SEWE* volsinne op.
- Skryf die hoofgedagte van elke paragrafie in jou eie sinne neer.
- Moenie die opskrif van elke paragrafie (bv. LUISTER MOOI, PRAAT DUIDELIK, ens.) net so oorskryf nie.
- Jou opsomming moet ongeveer 60 woorde lank wees.
- Skryf die getal woorde onderaan die opsomming.

**KRY DAARDIE WERK**

**1. LUISTER MOOI**
Luister mooi na die vrae en beantwoord dit direk. Moenie bang wees om te vra dat die vraag herhaal word nie.

**2. PRAAT DUIDELIK**
As jy vinnig praat, sal die paneel jou moeilik verstaan. Die beste raad is om duidelik en stadig te praat. As jy bang is, haal diep asem. Dit sal jou kalmeer.

**3. PRAAT DIE WAARHEID**
Dis belangrik dat jy nie in jou CV en in jou onderhoud jok nie. Jy sal uitgevang word en die firma kan jou dan afdank. Jy gaan sukkel om weer werk te kry.

**4. JOU PERSOONLIKHEID**
Jou persoonlikheid moet pas by die werk waarvoor jy aansoek doen. Jy sal positief wees en met genoeg selfvertroue tydens die onderhoud kan praat.




**5. INLIGTING OOR DIE FIRMA**
Dis baie belangrik om voor die onderhoud genoeg inligting oor die firma te kry. Sorg dat jy weet hoe die firma funksioneer.

**6. KWALIFIKASIES**
Kwalifikasies is die sleutel tot sukses. Sorg dat jou kwalifikasies by die pos pas, want dan sal jy jou werk beter verstaan.

**7. JOU KLEREDRAG**
By die huis kan jy aantrek soos jy wil, maar by die werk is daar ander reëls. Trek professioneel aan en sorg dat jy ’n goeie indruk maak.

[Verwerk uit: *Rooi Rose*, Maart 2009]


**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

### VRAAG 5: WOORDSTRUKTURE

Kyk na die prente hieronder en beantwoord die vrae op die volgende bladsy.

Die groep vriende – John, Thandi, Piet en Linda – het saam wildtuin toe gegaan.





[Uit: *Isizulu Sanamuhla*, MM Masondo en NF Zondo Ibanga 6]

- Voltooi die paragrawe in die linkerkantste kolom met behulp van die leidrade in die regterkantste kolom. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte antwoord neer.
- Antwoorde in VRAAG 5.1 – 5.24 moet **korrek gespel** wees.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Voor 'n interessante (5.1 rys/rit) in die natuur, het die vriende besluit om vleis te braai. | 5.1 | Kies die regte woord. | (1) |
| Terwyl John besig was om die vleis (5.2 ...) braai, het Piet (5.3 se/sy) koerant gelees. | 5.2<br>5.3 | Voltooi die infinitief.<br>Kies die regte woord. | (1)<br>(1) |
| Thandi het 'n (5.4 gestreepte/gestreepde) rok aan en hou 'n glasie wyn in haar (5.5 regs + hand). Haar hoed het 'n (5.6 breed) rand wat haar (5.7 teen/vir) die son beskerm. | 5.4<br>5.5<br>5.6<br>5.7 | Kies die regte spelvorm.<br>Gee een woord.<br>Gee die regte vorm.<br>Kies die regte voorsetsel. | (1)<br>(1)<br>(1)<br>(1) |
| Linda, (5.8 wat/wie) 'n sigaret rook, gesels lekker met Thandi. Hulle gaan beslis die gebraaide wors en (5.9 blikkies/blikies) bier geniet. As hulle klaar geëet het, sal hulle al die gemors in die (5.10 ...) gooi. | 5.8<br>5.9<br>5.10 | Kies die regte woord.<br>Kies die regte spelvorm.<br>Vul die ontbrekende woord in. | (1)<br>(1)<br>(1) |
| Na middagete het hulle met die klein (5.11 motor) gery om wild te gaan kyk. Linda het (5.12 haar/sy) hoed vasgehou, want die motor (5.13 met + wat) hulle gery het, se dak was (5.14 toe). | 5.11<br>5.12<br>5.13<br>5.14 | Gee die verkleiningsvorm.<br>Kies die regte voornaamwoord.<br>Gee die regte vorm.<br>Gee die antoniem. | (1)<br>(1)<br>(1)<br>(1) |
| Almal was kwaad vir Linda, maar Piet was nog (5.15 kwader/kwaater/kwater) vir haar, omdat sy te veel gedrink het en nie wou stilsit nie. (5.16 A.g.v.) haar gedrag het sy uit die motor geval, toe John oor 'n gat gery het. Sy het (5.17 ernstigste/ernstige/ernstigse) kopbeserings (5.18 opdoen/opgedoen) en moes deur die (5.19 ambulansman) hospitaal toe geneem word. | 5.15<br>5.16<br>5.17<br>5.18<br>5.19 | Kies die regte woord.<br>Skryf die afkorting voluit.<br>Kies die regte woord.<br>Kies die regte woord.<br>Gee die meervoud. | (1)<br>(1)<br>(1)<br>(1)<br>(1) |
| Linda was (5.20 bang) toe hulle haar in die ambulans laai. Dit was die (5.21 driede/ derde/drieste) keer dat sy hospitaal toe moes gaan. Sy was gelukkig dat sy deur 'n goeie (5.22 verpleër) gehelp is. Sy kan dankbaar wees, want anders sou sy (5.23 die emmer geskop het/die laaste os gewees het om in die kraal te kom). | 5.20<br>5.21<br>5.22<br>5.23 | Gee die intensiewe vorm.<br>Kies die regte woord.<br>Gee die vroulike geslag.<br>Kies die gepaste idioom om die sin te voltooi. | (1)<br>(1)<br>(1)<br>(1) |
| Dit sal Linda (5.24 leer/leër) om stil te sit in 'n bewegende motor. | 5.24 | Kies die regte woord. | (1)<br>**[24]** |

**VRAAG 6: SINSTRUKTURE**

- Kyk na die prentjie.
- Lees die sinne in die linkerkantste kolom.
- Gebruik die leidrade in die regterkantste kolom.
- Skryf die sinne korrek oor.





[Verwerk uit: *RAPPORT-TYDSKRIF*, 21 November 2007]

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 6.1 | Verstaan Marie wat sy moet doen? (Nee, Marie verstaan ... wat sy moet doen ...) | 6.1 | Beantwoord in die ontkennende vorm. | (2) |
| 6.2 | Tendani verduidelik die som aan Pieter. (Môre ... Tendani die som ...) | 6.2 | Skryf in die toekomende tyd. | (2) |
| 6.3 | Pieter sê vir Tendani: "Jy is baie slim!" (Pieter sê vir Tendani dat ...) | 6.3 | Skryf in die indirekte rede. | (2) |
| 6.4 | Tendani kry al sy somme reg. (Tendani ... al sy somme ...) | 6.4 | Skryf in die verlede tyd. | (2) |
| 6.5 | Die kinders luister mooi. Hulle kry al die somme reg. (daarom) | 6.5 | Verbind die sinne soos aangedui. | (1) |
| 6.6 | Die kinders doen goed, <u>want hulle verstaan die werk</u>. (Waarom ...) | 6.6 | Voltooi die vraag sodat die onderstreepte deel die antwoord is. | (2) |
| 6.7 | Die kinders doen die werk. (Die werk ... ... die kinders ...) | 6.7 | Skryf in die lydende vorm. | (2) |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 6.8 | Hard Pieter en Tendani werk elke oggend.<br>(Pieter en Tendani ...) | 6.8 | Skryf die sin oor met die korrekte woordorde. Begin soos aangedui. | (3) |
| 6.9 | Gaan die kinders nog ’n toets skryf?<br>(Die kinders ...) | 6.9 | Verander die sin in ’n stelsin. | (1) |
| 6.10 | Tendani was bang om te druip. | 6.10 | Skryf in die teenwoordige tyd. | (1) |
| 6.11 | Die juffrou vra vir Pieter of hy die som verstaan het.<br>(Die juffrou vra: “Pieter, ...?”) | 6.11 | Skryf in die direkte rede. | (2)<br>**[20]** |

**VRAAG 7: REDIGERING**

Kyk na die strokiesprent en beantwoord die vrae.




[Uit: *RAPPORT-TYDSKRIF*, 22 Julie 2007]

- Lees die sinne in die linkerkantste kolom.
- Gebruik die leidrade in die regterkantste kolom.
- Skryf die sinne korrek oor.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 7.1 Môre Barnie, hoekom lyk jy so <u>ongelukig</u>? | 7.1 | Maak die spelfout reg. | (1) |
| 7.2 Barnie <u>ken/weet</u> dat haar man haar met 'n ander vrou verkul. | 7.2 | Kies die regte werkwoord. | (1) |
| 7.3 Sy voel dat haar man nie meer <u>vir/in</u> haar belangstel nie. | 7.3 | Kies die regte voorsetsel. | (1) |
| 7.4 Hy kom nie elke aand vroeg van die werk af. | 7.4 | Verbeter die ontkenningsfout. | (1) |
| 7.5 Die man hy het 'n merk aan sy hemp. | 7.5 | Verbeter die taalfout. | (1) |
| 7.6 <u>Toe hy sê vir my</u> dis tamatiesous. | 7.6 | Verbeter die woordordefout. | (1) |
| 7.7 Minnie dink Barnie <u>behoort om uit te vind</u> wie die tamatie is. | 7.7 | Verbeter die taalfout. | (1) |
| 7.8 Barnie se man loop rond want hy is nie meer lief vir haar nie. | 7.8 | Vul die ontbrekende komma in. | (1) |
| 7.9 Her husband was sorry he did something wrong. | 7.9 | Kies die REGTE vertaling:<br>A Haar man was jammer hy doen iets verkeerds.<br>B Haar man hy was jammer dat hy doen iets verkeerds.<br>C Haar man was jammer dat hy iets verkeerds gedoen het.<br>D Sy man was jammer dat hy gedoen het iets verkeerds. | (1)<br>**[9]** |

## VRAAG 8: KRITIESE TAALBEWUSTHEID

8.1
- Kyk weer na die advertensie op bladsy 6.
- Beantwoord die vraag.

Kies die REGTE antwoord.

Waarom is 'plus belasting' so klein geskryf?

A Omdat daar min plek in die advertensie is.
B Om die indruk te gee dat die kaartjie goedkoper is.
C Omdat die belasting nie belangrik is nie.
D Om mense te laat dink dat die kaartjie duur is. (1)

8.2
- Kyk weer na die strokiesprent op bladsy 12.
- Beantwoord die vraag.

In raampie 8 sê Minnie: "Gmpf! Uitvind wié die **tamatie** is!"

Kies die REGTE antwoord.

As vroue dink dat alle mans lieg en hulle met ander vroue verkul, dan is dit 'n voorbeeld van ...

A stereotipering.
B rassisme.
C apartheid. (1)
D regverdigheid. **[2]**

**VRAAG 9: KYK EN KOMMUNIKEER**

- Kyk na die prente.
- Lees die situasies.
- Voer elke keer die opdrag uit.

9.1 SITUASIE: Die ma en haar dogter sit aan tafel vir aandete. Die dogter wil nie eet nie, want sy hou nie van groente nie. Die ma probeer die dogter AANMOEDIG om die groente te eet en VERDUIDELIK dat dit gesonde kos is.



[Uit: *TVPLUS*, 17 Desember 2008]

OPDRAG: Wat sê die ma aan haar dogter om haar aan te moedig om die kos te eet? Met watter woorde verduidelik sy waarom dit nodig is. Voltooi die sin in ongeveer 10 woorde.

Ma: My kind, ... (2)

9.2 SITUASIE: Dit is Zakhe se eerste jaar op skool. Sy ouer broer, Mandla, help Zakhe om ŉ dasknoop te maak. Zakhe is so DANKBAAR dat sy broer hom help. Hy is TROTS op sy broer wat so baie dinge kan doen.



[Uit: *MOVE!*, 7 Januarie 2009]

OPDRAG: Wat sê Zakhe aan sy ouer broer, Mandla, om te wys hoe dankbaar hy vir sy hulp is en hoe trots hy op hom is. Voltooi die sin in ongeveer 10 woorde.

Zakhe: Ouboet, ... (2)

9.3 SITUASIE: Precious het aansoek gedoen vir 'n pos as sekretaresse. Die bestuurder van die firma bel haar om te sê dat sy die pos as sekretaresse gekry het. Hy WENS haar GELUK en vra haar FORMEEL of sy die pos gaan aanvaar.



[Uit: *Isizulu Sanamuhla*, MM Masondo en NF Zondo Ibanga 6]

OPDRAG: Wat sal die bestuurder se woorde aan Precious wees?
Kies die REGTE antwoord.

A Bestuurder: Precious, goeie geluk, jy het die pos! Ek wil weet of jy die werk wil vat.
B Bestuurder: Mejuffrou, veels geluk, u is aangestel! Mag ek weet of u die pos sal aanvaar?
C Bestuurder: Mejuffrou, baie geluk! Ek wil nou dadelik 'n antwoord hê wanneer jy kan begin?
D Bestuurder: Precious, goed gedoen! Stel jy nog belang in die pos? (1)

**[5]**

**TOTAAL AFDELING C: 60**

## AFDELING D: LETTERKUNDE

Hierdie afdeling bestaan uit TWEE vrae.

VRAAG 10: *WIE IS DIE ERFGENAAM* – Julia Mabale
VRAAG 11: *DIE HEN EN DIE NAALD* – Minnie Postma

Beantwoord EEN van die TWEE vrae.

***BLADSAK* – Lucas Malan**

### VRAAG 10

***WIE IS DIE ERFGENAAM* – Julia Mabale**

Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae.

'n Testament is die beste dokument om broedertwis te vermy na die dood van ryk ouers. Ons mense van Afrika is nie gewoond om *testamente* te maak nie, want dit sal beteken hoe gouer die ouers doodgaan, hoe beter vir die kinders.

Rrathabo en Mmathabo het vier kinders gehad. Hulle drie seuns was Thabo, Thabiso en Thabisang, en die dogter se naam was Thabang.

Die seuns Thabiso en Thabisang was 'n *tweeling*. Ons weet nie wie die oudste was nie. Met hulle geboorte het Thabisang se linkervoet eerste gewys. Die *vroedvrou*, Belegang is haar naam, het 'n tou aan daardie voet vasgemaak sodat sy kan weet watter een van die tweeling eerste gebore is. Maar ongelukkig het die voet weer terug in Mmathabo se maag in getrek! 'n Rukkie later is Thabiso gebore, sonder die tou aan sy linkervoet! Kort daarna was dit Thabisang met die tou om sy linkervoet!

10.1 Kies die inligting uit KOLOM B om by die woorde in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (10.1.1 – 10.1.4) en die korrekte antwoord (A – E) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 10.1.1 Erfgenaam | A ’n Persoon wat sien as iets gebeur |
| 10.1.2 Getuie | B Twee kinders wat op dieselfde tyd gebore word |
| 10.1.3 Vroedvrou | C Iemand wat ’n ander persoon se besittings erf |
| 10.1.4 Testament | D Die vrou wat help wanneer ’n kind gebore word |
| | E ’n Wetlike dokument wat sê wie jou goed moet erf |

(4)

10.2 “Mense van Afrika is nie gewoond om *testamente* te maak nie, want dit sal beteken hoe gouer die ouers doodgaan, hoe beter vir die kinders.”

Wat is jou opinie oor hierdie tradisie? (1)

10.3 10.3.1 Het Rrathabo en Mmathabo ’n testament gemaak? Sê JA of NEE. (1)

10.3.2 Motiveer jou antwoord. (1)

10.4 10.4.1 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is.

Rrathabo en Mmathabo was skatryk. (1)

10.4.2 Motiveer jou antwoord. (1)

10.5 Kies die KORREKTE woord uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte woorde neer.

Om vas te stel wie die erfgenaam is, moes hulle weet wie die (oudste broer/ oudste suster) is. (1)

10.6 Daar was probleme tussen die drie broers nadat hulle ouers dood is. Hoe het die droogte dit reggekry om hulle stryery stop te sit? (2)

10.7 Thabang het nie geweet wat om te doen om weer vreugde in haar pa se huis te bring nie. Watter plan sal jy vir Thabang gee om die bakleiery stop te sit? (2)

10.8 10.8.1 Het die koningin se voorstel om Belegang as getuie in te roep gehelp om die bakleiery, oor wie die erfgenaam is, stop te sit? Sê JA of NEE. (1)

10.8.2 Motiveer jou antwoord. (1)

10.9 Watter les leer ons uit die verhaal? (1)

10.10 Die drie broers het elkeen ’n rede gehad waarom hy die erfgenaam moes wees. Skryf telkens die naam en rede neer.

10.10.1 Thabo

10.10.2 Thabisang

10.10.3 Thabiso (3)

**[20]**

**OF**

## VRAAG 11

### *DIE HEN EN DIE NAALD* – Minnie Postma

Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae.

Toe dit klaar is, hang sy dit om haar skouers. Sy spog voor haar kinders en haar hart kry lekker, want hulle sê: "*Ao, Mme,* jy is mooi! Mooier as al die ander vrouens!"

Sy stap buitentoe, sy skiet haar beentjies uit, sy swaai haar lyfie en, soos die vrou van 'n kaptein, loop sy voor haar woning en haar hart kry nog lekkerder toe sy die vreemde hoenders vir mekaar hoor sê: "*Jo,* sy blink, daardie vrou! Jy kan sê haar man is 'n kaptein!"

11.1 Kies TWEE korrekte antwoorde.

Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte letters (A – D) neer.

A Hen kon hoog vlieg.
B Valk en Hen was goeie vriende.
C Valk en Hen het altyd saam gevlieg.
D In daardie dae kon al die voëls praat. (2)

11.2 Kies TWEE redes waarom Valk so lief vir Hen was.

Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte letters (A – D) neer.

A Valk en Hen was getroud.
B Hen kon altyd sulke lekker kos maak.
C Hen kon altyd so lekker gesels.
D Hen het altyd so lekker gelag. (2)

11.3 Pas die aanhalings (A – D) by die dialoog tussen Hen en Valk. Skryf slegs die vraagnommer (11.3.1 – 11.3.3) en die letter (A – C) van die aanhaling neer. (Die dialoog is op die volgende bladsy.)

A Maar dit kan tog gebeur dat jy dit laat wegraak. 'n Naald is 'n ding wat maklik kan verloor. As dit nou gebeur, waarmee sal ek my werk doen?
B Ao, Mme, jy is mooi.
C Jy is verniet bang daarvoor. As ek 'n ongeluk kry en ek kan die naald nie vir jou teruggee nie, kan jy een van my kuikentjies vat om te eet.
D Ek het mooi velletjies wat ek lankal bêre. As ek nou net 'n naald het, kan ek dit aanmekaar werk en vir my 'n mooi karos maak.

Gesprek tussen Hen en Valk:

Hen: Vriend van my, leen asseblief jou naald vir my.

Valk: Wat wil jy daarmee maak?

Hen: 11.3.1 ...

Valk: Maat van my tjhe, omdat ek jou liefhet, sal ek dit vir jou leen, maar jy moet dit baie goed oppas.

Hen: Ek sal dit net so mooi oppas soos ek my kind sal oppas. Sodra ek klaar is, sal ek dit dadelik vir jou teruggee.

Valk: 11.3.2 ...

Hen: 11.3.3 ...

Valk Tjhe, dis 'n goeie plan daardie! (3)

11.4 Hen het heeltemal van Valk se naald vergeet.

Waar was die naald? (1)

11.5 Noem TWEE dinge wat Hen vir haar kinders gesê het om te doen. (2)

11.6 Wat dink jy het met Valk en Hen se vriendskap gebeur? Waarom sê jy so? (2)

11.7 Wat het met die karos gebeur? (1)

11.8 Die storie wil vir ons sê waar twee gewoontes van hoenders moontlik vandaan kom.

Kies die TWEE gewoontes. Skryf slegs die vraagnommer en TWEE korrekte letters (A – D) neer.

A Haan kraai douvoordag om die mense wakker te maak.
B Hoenders skrop altyd en soek, skrop, soek en pik gedurig na Valk se naald.
C Hoenders kan nie ver en baie hoog vlieg nie.
D As 'n hen 'n valk sien, roep sy haar kuikens om onder haar vlerke weg te kruip. (2)

11.9 11.9.1 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is.

Valk wil Hen se kuikens vang. (1)

11.9.2 Motiveer jou antwoord. (1)

11.10 Kies die KORREKTE antwoord uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte woord neer.

Die hen was baie bly oor die naald, maar later baie (vrolik/bang). (1)

11.11 In die storie sê ou mense: "diep poele water kan ook opdroog."

Wat beteken dit? (2)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING D: 20**

**GROOTTOTAAL: 120**

Kopiereg voorbehou